30 November **Skrifgedeelte: Jesaja 28**
Fokusgedeelte: Jesaja 28:23-29

Ware wysheid kom van God

Wysheid en geleerdheid is twee verskillende dinge. Geleerde mense besit nie noodwendig die ware wysheid wat van God af kom nie. Aan die begin van Jesaja 28 spreek die profeet ‘n oordeelsuitspraak teen Samaria en Jerusalem uit. Samaria was die hoofstad van die Noordelike Ryk Israel. In die tyd van Jesaja het die Assiriërs Samaria verwoes juis omdat die Noordelike Ryk nie na God se Woord wou luister nie. Jerusalem was ook nie eintlik beter nie. Daar was die Here se tempel asook die priesters wat die Here se wet moes ken en dit aan die volk moes leer. Hulle het dit egter nie gedoen nie. In ons fokusgedeelte gebruik Jesaja nou ‘n beeld uit die landbou om te wys dat ware wysheid van God kom. ‘n Boer in daardie tyd was, anders as vandag, nie ‘n geleerde mens nie. Tog het ‘n boer uit die natuur geleer. God het sekere wetmatighede in die natuur vasgelê. Daarom is alle plante nie dieselfde nie, maar jy kan weet dat dieselfde plant onder dieselfde omstandighede dieselfde sal reageer. Daaruit leer ‘n boer hoe hy verskillende gewasse moet plant, versorg en oes. As ‘n mens só die regte optrede uit die natuur kan leer, hoeveel te meer behoort God se volk die regte optrede uit God se wet te leer! Ware wysheid kom van gehoorsaamheid aan God. Daarom moet ons steeds God se Woord bestudeer om so die ware lewenswysheid te leer. Dit kry jy as jy voor God buig en na sy Woord luister.

Sing: Psalm 1:1,4 *Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)*